



Die Voortrekkers Transvaal

Opleidingdag 10 Februarie 2018



WAAR: Sytze Wierda Voortrekkersentrum, 149 Friedrichstraat, Centurion

TYD: Registrasie 08:00, verdaag 15:00

KOSTES: R60.00 per persoon. 'n Ligte middagete word voorsien.

SLUITINGSDATUM: 6 Februarie 2018. Dit is belangrik om in te skryf.

Getalle word benodig vir verversings en uitdeelstukke.

DRAG: Aktiewe Voortrekkerdrag en onthou asb jou bordesak!

WAT WORD AANGEBIED

Voorslag voorbereiding vir graad 4, 5, 6 en 7 Offisiere (8:00 tot 15:00)	Het jy 'n Gr 6 of 7 Span? Dan is hierdie geleentheid net vir jou! Het jy vrae oor hoe die Voorslag-toetsing gedoen word? Wonder jy hoe jy jou span vir die Voorslag kan voorberei? Kom gesels saam met ervare offisiere en hoor hoe lekker jy dit vir die span kan maak! Hierdie opleidingsessie is 'n MOET vir Gr 6 en 7 offisiere en word sterk aanbeveel as jy 'n span in Gr 5 het. Hierdie opleidingsdag fokus daarop om offisiere te help met Voorslagvoorbereiding. Hier is dus 'n geleentheid om enige onsekerhede uit te weg te ruim.
Graad 12 Afronding vir Verkenners (8:00 tot 15:00)	As jy nou Graad 12 is, beteken dit dat jy deel vorm van die tweede groep wat die nuwe Presidentsverkennerproses deurloop. En daarom is hierdie geleentheid van belang vir jou. Ons gaan gesels oor afdelings in jou Verkennerlewe waarmee jy stoei, soos Kaartwerk, die teoretiese vraestel wat in April afgelê word asook oor die PV afrondingskamp. Kom luister gerus en vra die vrae oor dinge waarvoor jy onseker is. Die PV voorbereidingsdag fokus op afrondingwerk vir die PV Teoretiese eksamen. Alle Graad 12's wat in 2018 deelneem aan die proses word uitgenooi sowel as Graad 11's wat proaktief wil voorberei vir hulle PV proses in 2019. Onderwerpe wat deur die dag bespreek word sluit in algemene graadwielwerk soos die struktuur van Die Voortrekkers, geskiedenis van die Afrikaner en Die Voortrekkers, Kaartwerk en 'n gesprek oor Sake van die Dag.
Portefeulje bestuur vir Verkenner offisiere (8:00 tot 10:30)	Hierdie sessie is daarop gemik om offisiere wat portefeuljes van Verkenners moet assesseer, touwys te maak oor hoe om die portefeuljes te hanteer. Die sessie sal nie langer as 2 ure duur nie.

KONTAKPERSOON: Anine Wheeler (Voorslag) 082 459 7157 anine.wheeler@sabs.co.za
Jaco vd Walt (Verkenners) 072 312 7722 jaco.vn.dr.walt@gmail.com

Dirk van den Berg

AGL Volwasse sake

082 418 9467

dirk@helpendehand.co.za

Die Voortrekkers Transvaal

Februarie Opleidingsdag

10 Februarie 2018

Inskrywingsvorm – Volwassenes & Verkenners

Voltooi asseblief al die blokkies

Voltooi die inskrywingsvorm en faks na 086 613 9934 of e-pos transvaal@voortrekkers.org.za.

Inskrywingsvorm

Voltooi asseblief al die blokkies

Persoonlike inligting			
Naam:		Van:	
Geslag:	Manlik	Vroulik	Kommando:
Kontaknommer:		E-pos:	
Voortrekkerregistrasienommer:		Graad van huidige span:	
		Verkenner – Graad:	

Merk die kursus wat jy gaan bywoon <input checked="" type="checkbox"/>.	
Voorslag voorbereiding vir graad 4, 5, 6 en 7 Offisiere	
PV Afronding vir Verkenners	
Portefeulje bestuur vir Verkenner offisiere	

Betaling (R60 per persoon)			
Betaal gelde in die volgende rekening en faks die inskrywingsvorm en bewys van betaling na 086 613 9934 of stuur per e-pos aan transvaal@voortrekkers.org.za voor of op 5 Februarie 2018 .			
Bank: Standard Bank		Tak: Arcadia	
Takkode: 010845		Rekeningnommer: 016658655	
Rekeningnaam: Tvl Voortrekkers		Verwysing: FebVS+Voortrekkerregistrasienommer of FebVS+Jou eie naam en kommando	
Totale bedrag van u inskrywing:		R	
Internet betaling of		Verwysing gebruik	
Ander			